

24 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 66 en 67

Fokusgedeelte: Psalm 67

Sy lof in altyd wyer kringe

Die treffende in hierdie psalm is die bede dat *al* die volke die Here mag loof. Die psalm sluit aan by die Here se beloftes aan Abraham dat hy geseën sal word en dat in hom al die nasies van die aarde geseën sal word.

Die seën waarom hier gebid word, herinner aan die woorde van die priesterlike seën in Num 6: “Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee.”

Ons sien in hierdie psalm iets van die roeping wat Israel gehad het om vir al die volke tot seën te wees. Hier is geen beperking nie: “....mag *al* die volke U loof” (vers 4). Maar ons weet dat Israel in hierdie roeping gefaal het. Die vervulling wat Jesus Christus gebring het, het egter hierin ‘n verandering gebring. Hy gee net voor sy hemelvaart aan die dissipels die opdrag om “*al* die nasies” sy dissipels te maak (Matt 28:18–20) en in die boek Handeling word dan vertel hoe die kring al wyer word.

Ons het ook die roeping om vir ander tot ‘n seën te wees, om van die seën in Jesus Christus te vertel. In ons eie kleiner kring, ja, maar ons behoort ook daadwerklik te sorg dat die evangelie van sy seën verder en verder gedra word – sodat al die volke Hom sal prys en sy lof sal opklink in altyd wyer kringe!

Sing: Psalm 66:2,7

Dr F van der Walt (Bellville-Oos)